# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 183 16 Oktober 2020




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Lydelike verset**

Wat volg is nie bedoel om 'n akademiese artikel te wees nie, maar bloot enkele gedagtes oor 'n komplekse aangeleentheid, naamlik die vraag of sekere vorme van verset teen 'n owerheid geregverdig kan word of nie.

Sommiges reken die Boere-Afrikanervolk was selde in ons geskiedenis in so benarde situasie as wat tans die geval is. Ons voortbestaan as volk, wat deur God hier aan die suidpunt van Afrika tot volk geroep en gevorm is, word bedreig. Nie net word ons op feitlik elke front van ons volkwees en menswees fisies en emosioneel op klaarblyklik georkestreerde wyse aangeval nie, maar die owerhede van die land het oënskynlik geen begeerte om ons (as ŉ minderheidsgroep) se probleme en vrese aan te spreek ten einde ons te beskerm nie. Kom ek stel dit anders: ons eie ervaring is, gewoon gegrond op die woorde en dade van die owerhede, dat hulle nie net geen begeerte het om ons te beskerm nie, maar dat hulle op verskeie maniere meewerk aan die aanslag op ons volkwees en menswees. Verskeie uitsprake van senior politici verbonde aan die regerende party getuig daarvan.

Die aantal plaasaanvalle en plaasmoorde en ook die vlak van wreedheid waarmee dit gepaard gaan is, om die minste te sê, weersinwekkend. Dit lei daartoe dat woorde soos "*white genocide*" of "volksmoord" gebruik word om dit wat ons ervaar te beskryf. Uitsprake soos die van die president van die land, Cyril Ramaphosa, tydens ŉ oorsese besoek, dat daar nie iets soos plaasmoorde in Suid-Afrika plaasvind nie, dui onteenseglik daarop dat die regering of nie die erns van die saak besef nie, of, erger nog, dit stilswyend goedkeur. Voeg daarby die land se minister van Polisie, Bheki Cele, wat volgens berigte baie onlangs die skuld vir plaasmoorde voor die deur van die boeregemeenskap self gelê het. Feit van die saak is dat ons baie min tot geen hulp van die owerhede moet verwag nie in ons stryd teen die onregte wat ten koste van ons gepleeg word.

Die logiese vraag is dan vervolgens: nou wat staan ons te doen om onsself te beskerm teen die ooglopende aanslag op ons en ons kinders se toekoms? Moet ons

dit maar gelate aanvaar as deel van die beproewing waarmee gelowiges moet saamleef? Moet ons meer bid en net bid, want God weet die beste en het ŉ doel met alles? Moet ons van begrafnis tot begrafnis wonder wie is die volgende, en spreekwoordelik soos slagskape wag om die volgende een te wees om na die slagpale gelei te word? Of moet en mag ons alle moontlike en redelike maatreëls tref, in vrede en selfs in verset, om onsself en ons toekoms te beveilig? Teen die agtergrond van ŉ owerheid wat nie veel doen om jou te hoor en te beskerm nie, is die vraag of dit nie weer tyd geword het dat ons pro-aktief moet optree om ons en ons families te beskerm, ten einde vir onsself ŉ toekoms te beding nie. Sou dit geregverdig kon word?

Ons sterk Calvinistiese grondslag het nog altyd as ŉ mate van ŉ struikelblok gedien wanneer daar oor moontlike verset teen ŉ owerheid gepraat word, selfs al sou dit verset wees met die bedoeling om jouself teen ŉ volksvyandige owerheid te beskerm. Daar word altyd verwys na Johannes Calvyn se vertolking van, in die besonder Romeine 13:1-7, met die oproep dat jy as gelowige onderdaan jou in alles aan die owerheid moet onderwerp. Die enigste uitsondering sou wees dat jy burgerlike ongehoorsaamheid mag, en na regte moet, toepas wanneer die owerheid van jou iets verwag wat in stryd is met Gods Woord. Ons moet immers meer gehoorsaam wees aan God as aan mense. Wanneer van ŉ verontregte burger, wat nie weet of hy dalk in die komende nag vermoor gaan word nie, verwag word om, weens ŉ sekere vertolking van sekere Skrifgedeeltes, nie met die owerhede aan wie hy belasting betaal om sy regte te beskerm, swaarde te kruis nie, is dit so goed jy beveel daardie burger om dan maar sy lot te aanvaar al beteken dit dat hy of sy gesin heel moontlik op ŉ stadium vermoor gaan word. Uiteraard kan en moet owerhede tot verantwoording geroep word om hul Godgegewe taak te verrig, maar tot watter mate?

Sonder om Romeine 13:1-7 in diepte te bespreek, wil ek net noem dat die gedeelte na my beskeie mening nog altyd erg ongebalanseerd uitgelê word, met al die klem op die verantwoordelikhede van die onderdaan, en bitter min op die van die owerheid. Dit is so dat die gedeelte dit sterk beklemtoon dat enige mag deur God ingestel is, en jy jou daarom nie daarteen mag verset nie. Wat wel ook so is, is dat daardie mag daargestel is met die doel om dienaar van God te wees. Drie keer noem die apostel die owerheid “dienaar van God.” ‘n Owerheid wat dit wat in die gedeelte as verantwoordelikhede op die skouers van die owerheid geplaas word, verontagsaam - en selfs tot die teendeel optree - kan sekerlik steeds instrument in God se hande wees, maar kan nie meer as dienaar van God gesien word nie. As jy nie dienaar van God is nie, is jy vyand van God. Jy is of vir God, of teen God. Jy is of warm of koud. Hierdie owerheid erken nie meer die Drie-Enige-God in die grondwet nie en stel die enigste lewende en ware God gelyk aan afgode. Dit is op rekord dat die land se president gesê het dat hy sy afgestorwe voorvaders raadpleeg wanneer hy belangrike besluite neem, wat neerkom op voorvadergeesaanbidding. Dit is ŉ oortreding van die eerste gebod. As mens hierdie owerheid se woorde en dade toets aan Romeine 13:1-7 staan dit soos ŉ paal bo water dat die owerheid alles andersom

doen as die wyse waarop Romeine 13 die verantwoordelikhede van ŉ owerheid verduidelik. Desnieteenstaande blyk dit dat Calvyn onverbiddelike gehoorsaamheid van ŉ gelowige onderdaan aan die owerheid vereis, ongeag of die owerheid ŉ onregverdige en heidense owerheid is, jou ten koste.

Wat ons egter ook ten opsigte van Calvyn se verklaring van onder andere Romeine 13 in ag moet neem, is dat hy op ŉ gegewe punt van sy bespreking uitdruklik sê: "*Ek praat nog altyd van mense in hulle privaat hoedanigheid. Want as daar nou amptenare van die volk (onderskei van die regeringsamptenare) sou wees wat aangewys is om die drifte van die Efori (owerheidspersone)…..verbied ek hulle nie om hulle in ooreenstemming met hulle plig teen die tierende teuelloosheid van konings te verset nie.*" Hy gaan voort deur te sê dat sou die amptenare van die volk (noem dit maar verteenwoordigers van die volk) hulle oë sluit vir die onreg wat owerhede pleeg, hulle, die volksamptenare, skuldig is aan "goddelose verraad…omdat hulle daardeur die vryheid van die volk bedrieglik verraai…" [1]Dit is dus nie waar dat Calvyn die beginsel van verset teen ŉ owerheid summier ontken nie, maar dat hy die verantwoordelikheid van en besluit op verset by ŉ volksverkose liggaam plaas. Die gelowige individu mag nie, maar saamgebind in ŉ volksverteenwoordigende liggaam, is daar nie net ŉ reg tot sekere vorme van verset nie, maar ook ŉ plig.
Calvyn sluit ook nie die moontlikheid uit nie, dat so verkose liggaam of amptenare ook deur God self daartoe geroep word om teen ŉ goddelose regering op te tree. Ek haal aan uit dieselfde boek soos hierbo genoem, bladsy 569: "*Hier tree Sy wonderbaarlike goedheid sowel as Sy mag en voorsienigheid te voorskyn. Want soms hef Hy uit Sy diensknegte openlik wrekers op en rus hulle met Sy bevel toe om ŉ goddelose regering te straf en ŉ volk wat op onregverdige wyse onderdruk is, uit hulle ellende te versoek; soms bestem Hy die toorn van mense wat een ding bedink en ŉ ander ding doen, hiervoor.*"

Calvyn het ook een en ander gesê oor wette deur owerhede gemaak. Van onderdane word uiteraard verwag om die owerheid se wette te gehoorsaam. Immers is die verwagting dat ŉ owerheid dienaar van God moet wees wat wette maak wat aan die eise van reg en geregtigheid, soos deur die Skrif uiteengesit, sal voldoen. Dit sou dus dwaas en verkeerd wees vir enige burger om teen sulke goedgeaarde wette te rebelleer. Dit is egter interessant om te luister wat Calvyn as "wettige wette", en dus as afdwingbare wette, beskou. Ek haal aan: "*Want ek huldig glad nie die opvatting dat daardie barbaarse en onbeskaafde wette, soos die wat diewe vereer en vleeslike omgang sonder onderskeid toegelaat het, en ook ander wette wat nog skandeliker en dwaser as dit is, as wette beskou moet word nie, omdat hulle nie alleen met alle geregtigheid strydig is nie, maar ook met alle menslikheid en beskaafdheid*." (bladsy 547 van die boek soos reeds genoem) Hy gaan voort deur te sê dat alle wette vir alle mense dieselfde moet wees, en vir almal geld. Hy sê dat wette wat nie op die beginsel van billikheid

[1] (Institusie van die Christelike Godsdiens 1536, Johannes Calvyn, in Afrikaans vertaal deur HW Simpson, 1990, bl. 571)

en regsordening gegrond is nie, nie as wette erken hoef te word nie. Dit kom dus daarop neer dat wette wat nie die beginsels van die Skrif in terme van regverdigheid en billikheid handhaaf nie, nie net op skrif nie maar ook in uitvoering daarvan, nie as wette geag hoef te word nie. Ons moet egter in ag neem dat die norm om te oordeel of wette geregverdig is of nie, nie deur menslike willekeur bepaal moet word nie, maar deur Skriftuurlike beginsels bepaal en getoets moet word.

Samevattend: dit is nie so eenvoudige saak om bloot te stel dat die Skrif volkome onderdanigheid aan owerhede en hulle wette vereis nie. Daar is dan ook verskeie voorbeelde in die Skrif waar gelowiges hulle met reg teen owerhede verset het. Wat tot dusver gesê is, plaas 'n baie groot verantwoordelikheid op volksverteen-woordigende liggame (onderskei van owerheidsinstansies) om toe te sien dat reg en geregtigheid in belang van ons volk geskied. Liggame deur ons daargestel wat die huidige vlaag van onreg ignoreer en nie met verantwoordelikheid optree om dit te stop nie, staan skuldig aan "goddelose verraad…omdat hulle daardeur die vryheid van die volk bedrieglik verraai…" Volgende keer meer oor die vraag welke vorme van verset dan geregverdig sou wees, en wie daartoe moet of mag oorgaan.

Ds Faan Visser
Oostelike Pietersburg

# BERIGTE EN KENNISGEWINGS

## BEROEP BEDANK

Dominee Johann Mouton het 'n beroep na Bloemfontein ontvang. Hy het besluit om die beroep te bedank. Ons bede is met die gemeente in hulle soeke na 'n leraar.

## HOFSAAK

Die hofsaak oor die geskeide geskilpunt (eiendomme) begin Maandag 26 Oktober 2020 in die hof in Pretoria. Ondersteun ons regspan.

## VERSOENING

Hiermee 'n laaste poging om die NHKA te oortuig om die hofgeding te laat vaar. In meer as een korrespondensie-stuk het die Kommissie van die AKV gestel dat die tyd gekom het om mekaar die hand te gee en elkeen sy eie weg te gaan. Dit het nog nie gebeur nie. Daar is 'n toksiese verbintenis tussen die GHG en die NHKA wat elkeen terughou en verlam. Daardie verbinding is nie die geloof in Christus nie, dit is 'n hofgeding wat alle teologiese verskille amplifiseer.

Die GHG het op verskillende maniere gepoog om die saak tot ruste te bring. Daar was privaat gesprekke op verskillende vlakke met verskillende leiersfigure. Daar was gesprekke tussen lidmate onderling. Die regspan het meer as een poging aangewend om die NHKA te oortuig om te skik. Daar is openbare oproepe gedoen tot vergifnis en vrede.

Ons is nie bewus van die NHKA se pogings tot skikking nie. Kom ons skryf dit toe aan kommunikasie en nie kwaadwillige vervolging nie.

Daar was harde woorde gespreek en geskryf aan beide kante van die onmin. Daar was per ongeluk en opsetlik gekrenk, deur beide partye. Ons weet nie eens wat het gekrenk nie, omdat ons nie meer mekaar se harte ken nie.

Die tyd het nou gekom om meer as 'n skietstilstand uit te roep.

Kom ons vergewe mekaar. Kom ons laar vaar die saak hier en nou. Kom ons skud blad en gaan elkeen op 'n eie pad.

**LEWENSBROOD 2021**

Hierdie gewilde publikasie kan nou bestel word teen net R130 - dieselfde prys as verlede jaar! Bestellings kan via u eie kerkkantoor gedoen word, of u kan met Ella skakel. Kontant by bestelling asseblief.





**BONDSVERGADERING**

Die Agenda is aan gemeentes versend. Kerkrade moet hulle van die inhoud vergewis en dan na vergadering 'n besluit neem aangaande die oudit-verslag. Volgende jaar se vergadering is DV volle vergadering by Stilfontein gemeente.

**KOMMENTAAT OP DIE NGB**

Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. Skakel Yvette 072-223-7522





**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com




DIE NEDERLANDSE
GELOOFSBELYDENIS
FOEDERATUM BELGIUM
ORTHODOXUM;
CONFESSIONIS
ECCLESIARUM BELGI-
CARUM
EXEGESIS,
AUTHORE
SAMUELE MARESIO
GRONINGÆ,
Apud JOANNEM NICOLAUM,
TEOLOGIESE BAKERMAT VAN DIE
REFORMASIE: 'N KOMMENTAAR
Dr JOHAN OTTO